

3. Morfologie (Woordvorming)

3.1 Basisvorm

'n Woord se kleinste betekenisvolle eenheid word die basisvorm of stam van die woord genoem. In die woord tafeltjie is die klank- en lettergrepe ta-fel-tjie, maar nie een van hierdie dele is betekenisdraend nie. Wanneer ons dit in woorddele verdeel, naamlik: tafel + tjie, dui tafel- op 'n bekende voorwerp en -tjie op die verkleiningsvorm, met ander woorde tafel is die basisvorm.

Onthou: Die basisvorm van 'n woord moet betekenisdraend wees en dit moet verband hou met die betekenis van die saamgestelde of afgeleide woord, byvoorbeeld: in bokmakerie is die basisvorm bloot bokmakerie, want bok, ma en kerie hou geen verband met die woord se betekenis nie. Dit is dus net 'n skynbare samestelling.

In knopkierie is knop en kerie albei basisvorme, aangesien albei verband hou met die betekenis van die saamgestelde woord.

3.2 Morfeme of affikse

Bogenoemde is die naam vir premorfeme (voorvoegsels), metamorfeme (klinkerwisseling) en postmorfeme (agtervoegsels). Morfeme het nie selfstandige betekenis nie en kan ook nie selfstandig gebruik word nie. Hulle word saam met 'n basisvorm gebruik om nuwe woorde te vorm.

- Premorfeme staan voor die basisvorm: oermens, wandaad.
- Metaformeme: deur die klinker van die basisvorm te verander, word nuwe woorde gevorm, soos:

ruik - reuk	buig - boog
bedrieg - bedrog	spreek - spraak.

- Postmorfeme staan agter die basisvorm:

maats	dieper	perde
boompie	verpleegster	onderwyseres
eetbaar	kortliks	dreuning

Morfeme word volgens die funksie wat hulle verrig in twee groepe verdeel, naamlik: afleidingsmorfeme en fleksiemorfeme.

3.2.1 Afleidingsmorfeme

Afleidingsmorfeme word gebruik om nuwe woorde van bestaande woorde af te lei. Hulle kan pre-, of postmorfeme wees. Deur middel van (afleidings) morfeme kan:

- a. die betekenis van 'n woord verander word:
ont- in ontbos beteken "om weg te neem"

mis- in misdaad beteken "sleg" - 'n slegte daad
 her- in herdoop of hervorm beteken "weer" of "oor"
 anti- in anti-alles beteken "gekant wees teen"
 a- in asosiaal beteken "nie"
 -loos in kinderloos beteken "sonder"
 -saam in arbeidsaam, deugszaam, buigszaam kan beteken "besig met",
 "geneë tot" of "gemaklik doen"
 -dom in heidendom dui 'n "groep" aan
 -ery of -tery soos in bakleiery en bogtery beteken "om voortdurend
 besig te wees" met dit wat die basisvorm aandui.

b. die woordsoort verander word, byvoorbeeld:

man (s.nw.)	beman (ww.)
hoof (s.nw.)	onthoof (ww.)
lees (ww.)	onleesbaar (b.nw.)
roem (s.nw.)	beroemd (b.nw.)

3.2.1.1 Funksies van afleidingsmorfeme:

a. Afleidingsmorfeme kan geslag uitdruk, byvoorbeeld: onderwyseres, inspektrese, verpleegster, kelnerin

b. gevoel (affek) uitdruk:

bitter medisyne	-	bittere lyding
grys hare	-	gryse verlede
'n teer vel	-	tere liefde
arm mense	-	die arme man

c. die betekenis van die basisvorm verander: lui - lui(aard)

d. die woordsoort verander: tem (ww) - tembaar (b.nw.)

3.2.2 Fleksiemorfeme (fleksie = verbuiging)

Fleksiemorfeme verander nie soos afleidingsmorfeme die funksie van die woord nie, hulle verander slegs die vorm daarvan.

3.2.2.1 Funksies van fleksiemorfeme:

(Fleksie)morfeme druk verhouding uit ten opsigte van:

a. Getal (meervoude): stoele, tafels, kaste, kinders, ens.

b. Grootte (verkleiningswoorde): seuntjie, boompie, blommetjie, windjie, huisie, varinkie

c. Vergelyking (trappe van vergelyking):

klein - kleiner - kleinste
 vet - vetter - vetste

d. Tyd (verlede tyd): Hulle het gekom, gekyk, gekoop

e. Verbuiging van die byvoeglike naamwoord:

'n gawe man	'n banale storie	'n koue wind
'n stoute kind	'n smaaklike ete	

3.3 Simpleks (Ongelede woord)

Woorde wat nie morfeme het nie, word simplekse genoem. 'n Simpleks bestaan dan net uit een basisvorm.

Voorbeelde: pampoen
koekemakranka
botter
taak

3.4 Kompleks (Gelede woord)

Indien 'n woord uit meer as een herkenbare woorddeel of "lid" bestaan, is dit 'n kompleks. Komplekse of gelede woorde word benoem as samestellings, afleidings of samestellende afleidings.

3.4.1 Samestelling (kompositum)

Dit is 'n woord met twee of meer basisvorme sonder morfeme:

- basisvorm + basisvorm:
rug + sak = rugsak
- basisvorm + verbindingsklank + basisvorm:
kind + (er) + huis = kindershuis
man + (s) + hemp = manshemp
- meer as twee basisvorme:
slaap + kamer + venster = slaapkamervenster
voet + bal + skoen + veter = voetbalskoenveter

3.4.1 Afleidings

Dit is 'n woord met een basisvorm + 'n morfeem of morfeme:

- basisvorm + postmorfeem (agtervoegsel):
seun + s = seuns
wonder + lik = wonderlik
slaap + er = slaper (let op dat die basisvorm as slaap aangedui word).
- premorfeem (voorvoegsel + basisvorm):
be + man = beman
ont + hoof = onthoof
- premorfeem + basisvorm + postmorfeem:
be + huis + ing = behuising
her + ken + baar = herkenbaar
**on + verstaan + baar = onverstaanbaar
(*Die basis is verstaan en nie staan nie, want die werkwoord "staan" het niks te doen met die betekenis van die woord nie.)

3.4.2 Samestellende afleiding

Dit is 'n woord met meer as een basisvorm + 'n morfeem of morfeme:
vlieg + tuig + wiel + e = vliegtuigwiele
leer + boek + sak + e = leerboeksak(k)e**

(** Let op die k-klank tussen hakies - dit is nie 'n woorddeel nie en ook nie 'n verbindingsklank nie. Dit is slegs 'n verdubbeling van die medeklinker ter wille van die spelling.)

3.5 Verbindingsklank

Die verbindingsklank in 'n woord word slegs tussen hakies geplaas en word nie beskou as 'n woorddeel nie:

s	in man(s)hemp (word aangedui as man + (s) hemp)
e	in dier(e)tuin
er	in kind(e)rtuin
en	in voet(en)ent
n	in lewe(n)skets

3.5.1 Verbindingsklanke

3.5.1.1 Met -s

hempsmou	knoopsgat	volkskuns
volksdrag	aanvalswapen	afstandskanon
werkgewersbelasting	distriksgeneesheer	aankoopsprys
ambagsman	verkeershoof	doktersadvies
skeepsbouer	dorpshuis	gebruiksartikel
gedragsafwyking	stadsverkeer	stadslewe
aptekersassistent	administrateursbeker	geluidsgolf

OPMERKING: Wat die spelling betref, kry ons slegs 'n verdubbeling van die -s wanneer die een basisvorm op -s eindig en die daaropvolgende een met s- begin, soos in:

grassaad (gras + saad)
jakkalsstreek (jakkals + streek)
toetssteen (toets + steen)
missinjaal (mis + sinjaal)

Ons skryf dus die volgende met een s:

seunskool	meisieskool
dameskoen	manstem
lewenskets	

Let egter op verbindings soos die volgende: seuns- en meisieskole (verskillende skole); seuns-en-meisieskool (een skool)

3.5.1.2 Met -e

leeue-aandeel	beddegoed	dieretuin
dieretemper	duiwehok	eendehok
eikehout	vyboom	

3.5.1.3 Met -er

kindertaal	kindertuin	kalwerhok
lammerhok	lammerkraal	suiderssee
suidersbreedte	Suiderskruis	

3.5.1.4 Met -ter

wesergrens	oossterkim
------------	------------

3.5.1.5 Met -ens

lewensmoeg	etensklok	etenstyd
binnenshuis	gewetensdaad	nooiensvan
lydensweg	sterwensuur	

3.5.1.6 Met -en

voetenent	koppenent
-----------	-----------

3.6 Kern en bepaler

Beeskraal = bees - bepaler kraal - kern

Kraalmis = kraal - bepaler mis - kern

Varkhok = vark - bepaler hok - kern

NB. Die kern is die laaste komponent van die samestelling.

3.7 Samevatting - Morfeme

3.7.1 Woordsoortfunksies van morfeme

Afleidingsmorfeme kan na aanleiding van die woordsoorte wat daardeur afgelei word, verdeel word in:

- selfstandige naamwoordvormers (substantiveerders):
gepraat, skeersel, hyser, digter, huigelaar
- byvoeglike naamwoordvormers (adjektiveerders):
dakloos, rybaar, buigzaam, bergagtig
- werkwoordvormers (verbaliseerders):
telefoneer, karakteriseer, stenig, ontkiem, verhuis, beman
- bywoordvormers (adverbaliseerders):
daaglik, agtertoe, stuksgewys, sydelings

3.7.2 Betekenisfunksies van morfeme

3.7.2.1 Afleiding deur premorfeme

Premorfeme het 'n funksie en gewoonlik ook 'n betekenis.

a. Afgeleide selfstandige naamwoorde

aarts-	(eerste, vernaamste): aartsengel, aartsbiskop
af-	(nie, sleg): afgod, afguns, afgrond
ant-	(teen): antwoord, Antartika
ge-	(saam, wat byeen hoort): gepeupel, gebergte, gesternte (Let op dat dit meesal 'n -te as postmorfeem byneem.)
ge-	(herhaalde werking): gelol, gepraat
ge-	(voortbrengsel van handeling): gebou, gebak
mis-	(sleg): misdad, mishandel, misstap
oer-	(oud): oertyd, oerwoud
on-	(nie, sleg): ondier, onsin, onheil
sub-	(Latyn: onder): subredakteur, subnormaal
tele-	(Grieks: ver): televisie, teleskoop
wan-	(nie, sleg): wanhoop, wanbestuur, wanorde, wangedrag

b. Afgeleide byvoeglike naamwoorde

aarts-	(baie): aartslui, aartsdom
be-	(voorsien van): beroemd, bemiddeld
dood-	(baie): doodstil, doodmoeg
ge-	(voorsien van): gewapen, getrou
mors-	(heeltemal): morsdood, morsaf
oer-	(baie): oeroud, oerdom
on-	(nie): onnet, onwaar, ondienlik
stok-	(baie): stokdoof, stokalleen

c. Afgeleide werkwoorde

be-	(voorsien van): bekroon, bevlek
her-	(weer): herken, herkou
mis-	(sleg, verkeerd): mislei, misreken
ont-	(berooft van): ontkroon, onthoof
ont-	(weg): ontslaan, onttrek
ver-	(anders, verkeerd): verstel, verspreek
ver-	(oor): versilwer, verguld
ver-	(word of laat word): verengels, verouderd

3.7.2.2 Afleiding deur metamorfeme

a. Afgeleide selfstandige naamwoorde

bied	bod, gebod, boodskap
bid	gebed, bede, bedelaar
bind	band, bond, bondel, bundel, bende, verbond, verband, gebondenheid

buig	boog, boeg, boggel, beuel, bog
byt	gebit, beitel
drink	drank
graaf	graf, groef, grag
gryp	greep, begrip
meet	maat
ruik	reuk
skiet	skut, skoot, skot
sluit	sloot, slot, sleutel
sny	snit, snee

b. Afgeleide werkwoorde

Kousatiewe werkwoorde (wat 'n oorsaak aandui):

drink	drenk (laat drink)	suig	soog
val	vel	waak	wek
wind	wend		

3.7.2.3 Afleiding deur postmorfeme

Postmorfeme het 'n funksie en soms ook 'n betekenis.

a. Afgeleide selfstandige naamwoorde

Persoonsname

-aan:	Pretoriaan, Mohammedaan
-aar:	huigelaar, boemelaar
-aard:	trotsaard, woestaard
-ator:	eksaminator, kommentator
-der:	bestuurder, keurder
-eerder:	analiseerder, programmeerder
-ent:	produsent, agent
-er:	werker, speler
-erd:	stouterd, dikkerd
-eur:	redakteur, regisseur
-ier:	bankier, koetsier
-is:	puris, propagandis
-iet:	Israeliet, kosmopoliet
-ling, -eling:	wêreldling, kruiseling
-rik:	stommerik
-ter:	slagter, digter
-us:	politikus, musikus

Voorwerpsname

-el:	(die ding wat sluit, gord, stamp)	sleutel, gordel, stempel
-er:	(die ding wat hys, wek, rek)	hyser, wekker, rekker
-sel:	(die ding wat dek, kleur, omhul)	deksel, kleursel, omhulsel

Versamelname

-asie:	pakkasie, bagasie, murasie
-dom:	heidendom, Christendom, mensdom
-sel:	skeersel, broeisel, werpsel
-skap:	geselskap, gereedskap, gemeenskap
-te:	(met ge-) gebeente, gesteente, gebergte
-y:	ruitery, burgery, boekery

Abstrakte selfstandige naamwoorde

-asie:	industrialisasie, nominasie
-dom:	ouderdom, heiligdom
-e, (-de, -te)	vertroue, liefde, breedte, siekte
-y, (-ery, -erny):	singery, spelery, slawerny, voogdy
-heid, -igheid, -erigheid:	wreedheid, lawwigheid, skrikkerigheid
-ing:	beproewing, beraming
-isme:	terrorisme, patriotisme
-iteit:	brutaliteit, senioriteit
-nis:	duisternis, bekommernis
-s:	wins, koms
-skap:	vyandskap, vreemdelingskap
-te:	siekte, breedte

Let wel: In groenigheid (vir die hoenders), ('n) soetigheid (om te eet) en (sy koninklike) hoogheid, dui die agtervoegsel -heid, 'n soortnaam aan.

In groente en (in die) laagte dui die agtervoegsel 'n soortnaam aan.

In kwekery (met die klem op die y) en snoepery dui die agtervoegsel 'n soortnaam aan.

b. Agtervoegsel om byvoeglike naamwoorde te vorm:

-haftig:	(wat die eienskappe besit van): manhaftig, krygshaftig
-loos:	(sonder): kinderloos, werkloos, sielloos
-ig:	(wat het): kunstig, rustig, magtig
-agtig:	(wat lyk na, die kenmerk besit van): reusagtig, skilderagtig; bergagtig
-(er)ig:	(geneig tot): klewerig, sitterig, praterig
-lik:	(die kenmerk van): manlik, wonderlik, vriendelik